# menlo-insig

24/2022

## LIEWE MENLO


Op die oog af lyk skole almal min of meer dieselfde en in die verbygang is daar nie veel wat die Menlo-bodem van ander skole onderskei nie. Daar is klaskamers wat op stelte staan, sportvelde wat soos legkaartstukke op die terrein inpas, 'n vierkant waar leerders soggens inskuiwe om die dag te open en 'n skoolsaal wat uit sy nate bars. Die Menlo-bodem is 'n bloudruk vir skole – klokke lui, voete skuifel, penne word uitgehaal en boeke word oopgemaak. Van Springbok tot Standerton, van Pietermaritzburg tot Pretoria lyk die skoollewe eenders.

Trek jy jou mikroskoop nader sien jy dat daardie einste Menlo-klaskamers, -sportvelde, -vierkant en -skoolsaal 'n kaleidoskoop van talent, toewyding en ywer huisves. Onder die grys dakke krioel daar 'n kolonie van leergieriges. Die sportvelde word 'n springmat waar toekomsdrome vlerke kry. Dit is hier waar die saadjie om vir die skool uit te draf in graad 8-harte ontkiem. Met die eerste oogopslag is die vierkant 'n kaal stukkie beton – onder die mikroskoop is dit 'n platform vir samesyn; 'n plek waar die Menlo-karakter veilig uitgeleef word. Die skoolsaal word 'n smeltkroes van kleur en klank – op die planke word die visie vir die koor, revue- en toneelgroep 'n werklikheid. Onder die vergrootglas sien jy hoe die note op die notebalk dans en hoor jy hoe die vuur in Menlo-harte brand. Draaiboeke kry lewe, danspassies word verhale en bladmusiek verskaf die ritme vir die Menlo-lewe.

Onder die mikroskoop word die lewe op Menlo-bodem ontbloot en skielik is dit duidelik: Die Menlo-bodem is 'n bloudruk vir visie en vooruitgang.

Op die oog lyk skole almal min of meer dieselfde.

Wat sien jy as jy na Menlo kyk?





## MENLO MA'S WAT OMGEE

Ouers word aan die gebedsbyeenkoms wat Donderdae vanaf 07:30 tot 08:30 in die koshuis se sitkamer plaasvind, herinner. Navrae en gebedsversoeke kan aan 082 579 4968 gestuur word.

**Spreuke 3:3 & 4**

"Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit deel van jou lewe. So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens."

## DAGBOEK

**2/9** Gholf: Nomads Noord-Suid & Mpumalanga Ope
Atletiek: Blitzbyeenkoms (Noordheuwel)
Rugby: 7's oefenkamp
Revue: South Africa Revue Championships (Mosaïek Teatro, Roodepoort)

**3/9** **Menlofees & Menlovaria**

**4/9** Gholf: GNGU (Silver Lakes)

**6/9** Atletiek: Blitzbyeenkoms (Tuis)

**8/9** Swem: Lentegala

## MENLOFEES FEESPROGRAM

| Aktiwiteit | Waar? | Tyd |
|---|---|---|
| Toegang tot fees OPEN | Rosemaryhek | 11:00 - 23:00 |
| Stalletjies en mallemeule OPEN | B-veld | 11:00 - 23:00 |
| Menlovaria - Koekedore | Rugbyklubhuis | 12:00 - 17:00 |
| FEEStent OPEN | Hokkieveld | 16:00 - 23:00 |
| Menlovaria - Rokkies | B-veld/verhoog | 17:00 - 18:20 |
| K53 | Verhoog | 18:20 - 18:40 |
| Nariska Brown | Verhoog | 18:45 - 19:20 |
| Zaan Sonnekus en Michael Britz | Verhoog | 19:25 - 19:55 |
| Robbie Wessels | Verhoog | 20:00 - 21:00 |
| Sokkie en DJ | B-veld | 21:00 - 23:00 |

# ALGEMEEN

## VAKATURE

Onderwyspos

MENLO GROEI

Drie poste beskikbaar

**Rekenaartoepassingstegnologie**

Gr. 10 — 12

**Geografie/Sosiale Wetenskappe**

Gr. 8 — 12

**Rekeningkunde/Ekonomie**

Gr. 10 — 12

Aanvangsdatum: Januarie 2023



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK EXCELSA PETAMUS

MENLO Akademie

Stuur volledige CV aan nico.erasmus@menlopark.co.za

*Sluitingsdatum: 23 September 2022*

Word deel van die Menlo-ritme en die Menlo-lewe!

menlopark.co.za AbsolutMenlo

## Pos jou Menlo-strokie

'n Mens het nie 'n seël of internetverbinding nodig om jou strokie by Menlopark SPAR te pos nie. Menlopark SPAR ondersteun die skool deur 'n persentasie van die aankope deur Menlo-mense aan die skool terug te betaal. Maak dus seker dat jy jou strokie in die Menlo-bus voor in Menlopark SPAR plaas. Die skool bedank graag die SPAR vir hulle bereidwilligheid om te help en vir hulle ondersteuning.

Moet dus nie jou strokie weggooi nie, maar pos dit asseblief vir Menlo!

## My skool is Menlo

Met 'n MySchool-kaart in u beursie help u om fondse vir die skool in te samel sonder om 'n vinger te lig. Het u geweet dat die skool maandeliks 'n MySchool-terugbetaling ontvang indien kaarthouers hulle kaarte swaai wanneer hulle inkopies by sekere handelaars doen?

Die skool rig graag 'n versoek aan alle ouers om aan hierdie projek deel te neem om fondse vir die skool te genereer.

**Het u nog nie 'n MySchool-kaart nie?**
Volg asseblief die skakel.

**Het u reeds 'n MySchool-kaart, maar is dit nie aan Menlo gekoppel nie?**
Volg asseblief die skakel om die begunstigde op u kaart te verander.

Die skool bedank elke ouer vir sy/haar moeite met die MySchool-projek en ons sien daarna uit om oor die dividende te berig. #MyplekIsMenlo

# ALGEMEEN





## Parkies steek groen vingers vir blou inisiatief uit

Alhoewel elke Parkie trots op sy/haar blou wortels is, steek ons graag ons groen vingers uit om Nasionale Boomplantdag te vier. Bome is 'n simbool van die Parkie-karakter, want nes bome streef die Parkies die hoogste na terwyl hulle wortels stewig in moederaarde geanker is.

Die boom van 2022 wat ons vanjaar aan ons inheemse wortels en groeipotensiaal herinner, is die Kannabasboom: 'n Statige plant met glansende, donkergroen blare en 'n vier houding wat etlike verdiepings rank. In die lente verras die Kannabas ons met pienk tot ligpers blomme en 'n soet aroma – net die regte doepa om die laaste wintervaal te verdryf.

Menlo se eie Kannabas skiet vanjaar by die C-blok wortel en Parkies wat die skadu van die boom wil geniet, kan hulle gerus op die splinternuwe bankies tuismaak om asem te skep.

Baie dankie aan die Parkieraad se geboue- en terreinkomitee onder voorsitterskap van Janko Lubbe én me. Sonja Punt vir hulle inisiatief met hierdie projek.

# LEIERSKAP

## Menlo-koshuis spog met nuwe koshuisraad

Die Menlo-koshuis staan nie verniet as die hart van die skool bekend nie. Dit is hier waar lewenslange herinneringe bymekaar gemaak word en belangrike lewenslesse geleer word.

Die koshuisleerders sorg jaarliks vir uitmuntende Menloprestasies; van akademie tot sport én kultuur. Dit is daarom noodsaaklik dat die leerders so nou en dan met prettige aktiwiteite soos pizza-aande bederf word. Die beplanning vir 2023 is gedoen en koshuisleerders kan een ding vir seker weet: Aan pret sal daar geen tekort wees nie! Baie geluk aan die Parkies wat die koshuisfamilie volgende jaar gaan lei en inspireer. Die skool sien saam met hulle na 'n opwindende jaar in die koshuis uit!



Voor: Mikyla Zastrau, Eben Botma
Middel: Ruben Swanevelder, Regardt Grobler, Martie van Wyk, Steyn Landman & Margaret York
Agter: Marisha Benade, Gerhardt Crous, Ruan Wolmarans & Ewald Meyer
Afwesig: Ashley Moreira

# MENLO PERSONEEL

## Blou Bulle gee erkenning aan Menlo-afrigters



Dit was vanjaar nie vir die Blou Bulle Akademie nodig om verder as Die Hoërskool Menlopark vir puik afrigters te soek nie. Mnre. Braam Pretorius, Dirk Odendaal, Kwagga Loubser en Evert Grové is genader om by die Blou Bulle betrokke te raak – 'n eer wat slegs die voorste rugbykenners te beurt val. Baie geluk aan hierdie afrigters. Hulle sal in die volgende portefeuljes by die Blou Bulle betrokke wees:

**Mnr. Braam Pretorius**
Afrigter: Blou Bulle Akademiespan (o. 18) & Keurder: o. 18
Mnr. Pretorius vier met hierdie prestasie 'n dekade van betrokkenheid by die Bulle. Hartlik geluk!

**Mnr. Dirk Odendaal**
Kondisioneringsafrigter: o. 18

**Mnr. Kwagga Loubser**
Keurder: o. 16

**Mnr. Evert Grove**
Afrigter: o. 15 (Rhino week)

# AKADEMIE

## Saad van kennis skiet wortel op Menlo-bodem

Die Parkies het vanjaar ouderge-woonte puik uitslae by die Imbewu Science Foundation se Noord-Gauteng senior wetenskapekspo behaal. Imbewu, die Zulu-woord vir saad, is 'n gepaste naam vir die ekspo waar die saad van nuuskierigheid en innovasie in leergierige breine wortel skiet om vrugte van kennis te dra. Baie geluk aan die leerders wat deel-geneem het, asook aan Menlo se NW-departement vir hulle leiding.

**Brons**

Rayner Collett, Naidene Bouwer, Jessica-Ann Dawkins, Leané Janse van Rensburg, Cornel Buys & Suzaan Muller.

**Silwer**

Nina Dicks, Jenna Mason, Leo van Wyk, Reeze Zeuner, Anushka Naidoo, Elsjé Groenewald, Leila Retief, Luan Visser, Lisa Pretorius, Isabella Wilson en Daniel Palmer.

**Goud**

Zianè van den Berg, Christopher Niemann, Michau Kruger, Natanya Steenkamp, Xander Zaaiman, Ryan Hill, Chanté le Roux en Kathleen van Rooyen.

Met hierdie puik prestasie is Menlo die skool met die meeste kategorie-wenners en al die gouepryswenners is uitgenooi om in Desember aan die nasionale wetenskapekspo deel te neem. Welgedaan!

**Toekennings**

Ryan Hill
Kategoriewenner: Mikrobiologie en Biochemie


Xander Zaaiman
Kategoriewenner: Fisika

Natanya Steenkamp
Kategoriewenner: Ingenieurswese

Christopher Niemann en Michau Kruger
Kategoriewenner: Innovasie en Tegnologie

Chanté le Roux en Kathleen van Rooyen: Derde beste projek in Noord-Gauteng









## Oui, je parle Français




Daar word beweer dat Frans vir nagenoeg 300 jaar die amptelike taal van Engeland was. Tussen 1066 en 1362 het die koningin nie *tea* gedrink nie, maar *le thé*. Daar word verder beweer dat Frans wêreldwyd deur meer as twee honderd miljoen mense gepraat word en sewe van hulle is Menloparkers!

Vier graad 11-leerders het die A1-DELF-eksamen afgelê, terwyl drie matrikulante die B1-DELF-eksamen afgelê het. Die uitslae is soos volg:

**Graad 11: A1**

Marcelle Terblanche (97,5%), Thomas Meiring (83,5%), Brandon Fourie (86%) en Shanike Jansen van Vuuren (90%).

**Graad 12: B1**

Nicole Andrews, Courtney Andrews en Ethel Coetzee het die internasionaal erkende B1-eksamen met *Résultats excellents* geslaag. Bravo!

Baie geluk aan hierdie Parkies, asook me. Mia-Louise Nel. *On est fiers de vous!*



# TONEEL

## Staande applous vir Menlo-toneel

Die ATKV-Tienertoneelkompetisie is 'n landswye toneelkompetisie waar leerders 'n geleentheid kry om by al die aspekte van toneel betrokke te raak. Op die verhoog waag akteurs hulle hand aan toneelspel, terwyl daar agter die skerms aan die skryf van tekste, regie, kostuums, dekor, grimering, klank, beligting, verhoogbestuur, choreografie en bemarking aandag gegee word.

Gauteng se streeksfees is afgehandel en die Parkie-tonele verdien 'n staande applous vir hulle puik vertonings - op en agter die verhoog.

Hier volg die uitslae

### 1 Aandklas Brons

Elaine de Jager, Margitt Kruger, Don Botha, Imani Venter, Megan Murphy, Megan Norval en Rheuben Pieterse.

#### Individuele toekennings

Megan Murphy (Spel, silwer), Wiandré du Plessis (Beligting, silwer), Wiandré du Plessis (Verhoogbestuur, goud) en Ettienne Korb (Verhooghulp, goud).

### 2 Auntie Sosiaal Brons

Ghitte Wiid, Arno Klerck, Lilia Snyman, Estee Prinsloo, Arielle Behr, Juan Leuschner en Izel Hattingh.

#### Individuele toekennings

Juan Leuschner (Nominant: Beste ondersteundende akteur), Kiarah Carols (Klank, silwer), Ettienne Korb (Beligting, silwer), Joané Visagie (Verhoogbestuur, goud), Teagan Visser en Gionét Sutherland (Verhooghulp, goud).

### 3 Die Produk Silwer

Amelie Melcher, Nina du Plooy, Sue-Ann Barnard, Danique da Souza, Amy-Lee Eysele, Marie-Ginette Barnett en Rijanli Oerlemans.

#### Individuele toekennings

Danique da Souza (Spel, goud), Ettienne Korb (Klank, silwer), Kiarah Carols (Beligting, silwer), Joané Visagie (Verhoogbestuur, silwer) en Teagan Visser (Verhooghulp, silwer).

### 4 Frank en Steyn

Christiaan Badenhorst, Kaniel van Jaarsveld, Cornélle Venter, Kaitlin le Roux, Benita Calitz, Salma Ounaceur, Marelize van Baalen, Zané Botha, Erik Senekal, Minette Tolmay, Zylia Pretorius, Jana Fouche.

#### Individuele toekennings

Kaniel van Jaarsveld (Wenner, goud: Beste akteur in 'n ondersteunende rol), Lihle Mnisi (Klank, silwer), Jennifer Barnard (Beligting, silwer), Mikyla Smit (Verhoogbestuur, silwer), Martin Letlape en CJ Hawkins (Verhooghulp, silwer).

### 5 Julie Silwer

Danielle Hogg, Gené van Zyl en Rudolph Smit.

#### Individuele toekennings

Kiara Prinsloo (Klank, silwer), Schalk van der Walt (Beligting, silwer), Suandri Esterhuizen (Verhoogbestuur, goud), Milé Swanepoel, Mieke du Preez, Chazé Smit, Kristen Smit en Theana Kotzé (Verhooghulp, goud).

### 6 Karnaval Silwer

Bernu Pieters, Ilme Taljaard, Lize Booysen, Robin de Bruyn en Lana Langeveldt.

#### Individuele toekennings

Bernu Pieters (Nominant: Beste akteur), Ilme Taljaard (Nominant: Beste aktrise), Altus Malan (Klank, silwer), Ettienne Korb (Beligting, silwer), Joané Visagie (Verhoogbestuur, Silwer) en Teagan Visser Verhooghulp, Silwer).

Baie dankie aan die Menlo-span vir hulle toewyding. Hulle puik uitslae is die resultaat van maande se beplanning en harde werk.

Mee. Roché van Blerk, Elana Heyns, Dulinda Pieters en mnr. Ben Pienaar verdien 'n veer in die hoed vir hulle insette.

Bravo, Menlo!


















# KULTUUR




## Menlo-revue: kaleidoskoop van kleur, klank en talent

Menlo se revuegroep het vanjaar weereens bewys dat daar nie 'n tekort aan talent, toewyding of entoesiasme op Menlo-bodem is nie. Gehore is dit eens dat die vermenging van hierdie bestanddele 'n kaleidoskoop van betowering oplewer.

Menlo het verlede naweek behoorlik in die finaal van die Kaleidoscope-kompetisie geskitter en hierdie naweek maak hulle weer so by die South Africa Revue Championships. Die Insig wens vir mnr. Mc Geer en sy span alles van die beste toe. *To conquer **is** to live* en ons sien daarna uit om te beleef hoe hierdie groep harte én die verhoog verower.





# RUGBY



## Noordvaal: Parkies is Pretoria se beste

Menlo se o. 15-span beleef 'n droomseisoen. Hierdie vaardige vyftiental het vanjaar sirkels om hulle teenstanders gehardloop en die ruimte agter die opponente se doellyn behoorlik leer ken.

So goed het die Menlo-manne gespeel dat hulle tot in die finaal van die Noordvaal-toernooi gevorder het – die enigste junior span in Pretoria wat dié prestasie kon behaal. Hier het die Menlo-manne alles teen Helpmekaar Kollege in die stryd gewerp, maar ongelukkig met 'n telling van 3-12 vasgeval. Om in 'n finaal te speel bly 'n eer wat slegs die beste spanne te beurt val en die skool is trots op die o. 15's se durf, toewyding en vasberadenheid. Baie geluk aan die span én aan die afrigters, mnre. Royes Auret en Kobus Erasmus.

# MUURBAL

## Derde en vierde spanne beïndruk met veggees

Pretoria Boys High School was na die vorige kragmeting teen Menlo so beïndruk met ons spelers se vaardighede en sportmangees dat hulle besluit het om ons derde en vierde spanne vir 'n oggend van skouspelagtige muurbal en sportmangees te nooi. Menlo se muurbalspelers laat nie sommer geleenthede deur hulle vingers glip nie en het in groot getalle opgedaag om hierdie uitdaging te aanvaar.

Knap gedaan, MMA!



# KRIEKET







## Menlo maak dit drie uit drie

Menlo se krieketspelers het al die wedstryde waarby hulle verlede week betrokke was, oortuigend gewen. Baie geluk aan die spelers wat voor die penne, op die blad én in die veld uitgeblink het. Die uitslae is soos volg:

### Menlopark o. 14C teen Waterkloof o. 14C

| | |
|---|---|
| Waterkloof | 140/5 (Marco de Bruin 2/12) |
| Menlo | 141/8 (Nathan Matthee 50) |

Menlo wen met 2 paaltjies.

### Menlopark o. 14A teen Midstream o. 14A

| | |
|---|---|
| Midstream | 99/8 (Murray Hofmeyr 3/17) |
| Menlo | 100/2 (Jaimi Coertze 24, Henrico Klopper 41*) |

Menlo wen met 8 paaltjies.

### Menlopark 2de XI teen Marais Viljoen 2de XI

| | |
|---|---|
| Marais Viljoen | 181 almal uit (Gerhard Engelbrecht 3/41) |
| Menlo | 184/3 (Wian van Deventer 60, Ewald Meyer 62*) |

Menlo wen met 7 paaltjies.

# GHOLF

## Gholfspelers lewer kookwater spel

Menlo se gholfspanne het verlede week oudergewoonte spel uit die boonste rakke gelewer. Baie geluk met uitstekende uitslae:

Menlo 1 vs. Garsfontein 2: 45-41; Menlo1 vs. AHS 2: 45-34; Menlo1 vs. AHS 4: 45-35

Menlo 2 vs. AHS 1: 41-40; Menlo 2 vs. AHS 3: 41-28

Menlo 3 vs. Montana 1: 36-45; Menlo 3 vs. Midstream 1: 36-48

Menlo 5 vs. Midstream 1: 49-48; Menlo 5 vs. Montana 1: 49-45

Menlo 7 vs. AHS 8: 2-2; Menlo 8 vs. Curro Hazeldean 1: 2-2; Menlo 8 vs. Overkruin1: 2-2

## Menlo-trio in Gauteng-Noord-span

Dit wil voorkom asof gholftalent, harde werk en 'n naam wat met die letter, J, begin 'n wenresep is om die provinsiale span te haal. Baie geluk aan Jeandre Jacobs, Jeandre de Bruyn en Juan Human wat provinsiale kleure verwerf het.










# FIETSRY









## Speke sing by CycleLab-reeks

Die wiele het behoorlik by die derde been van die CycleLab-reeks gedraai en Menlo se jaers het weereens uitstekende uitslae behaal:

| | |
|---|---|
| **Sub-junior dogters** | Caitlin Read (10), Isabel de Bruin (11) en Isabella Strydom (13) |
| **Jeug: 16 jaar (dames)** | Marle van Wyk (12) |
| **Juniors: 17 jaar (dames)** | Madison Coombe (2) |
| **Juniors 18 en 19 jaar (dames)** | Lané van Wyk (5) |
| **Jeug: 16 jaar (mans)** | Josh van der Merwe (2) en Ruben van Biljon (11) |
| **Juniors: 17 jaar (mans)** | Reghardt van Biljon (11) |

Met hierdie puik individuele uitslae is dit geen wonder nie dat Menlo 'n algehele vierde plek losgetrap het! Hartlik geluk aan die jaers en mee. Gerda Richards en Simoné Labuschagne wat aan die stuur van Menlo-fietsry is.

Die jaers het nie op hulle laat wag nie en hulle uitstekende vertoning by die derde been van die Gauteng Noord-reeks by Cow House voortgesit. Die uitslae is soos volg:

| | |
|---|---|
| **Sub-junior dogters** | Caitlin Read (6), Isabella Strydom (7), Isabel de Bruin (9) en Marlene Kruger (10) |
| **Sub-junior seuns** | Wilhelm de Jager (12), Reghard Louw (14) |
| **Juniors: 17 jaar (dames)** | Madison Coombe (3) |
| **Jeug: 16 jaar (mans)** | Josh van der Merwe (1), Ruben van Biljon (5), Pieter Kriek (8) |
| **Juniors: 17 jaar (mans)** | Reghardt van Biljon (11) |

## Parkies met provinsiale kleure vir 2021-seisoen beloon

Baie geluk aan Eugene Kriek (Enduro), Josh van der Merwe, Nicola du Plessis, Lané v Wyk en Madison Coombe wat provinsiale kleure vir die 2021-seisoen losgetrap het.











# SPOG



## Parkie-gimnas: ritmies na SA's op pad

Niemand sal stry dat Yelena Barnard 'n Parkie met ritme is nie. Hierdie soepel leerder het provinsiale kleure vir ritmiese gimnastiek verwerf en 'n paar medaljes in die proses ingepalm. Yelena is nou na die nasionale kampioenskap op pad waar sy teen die land se bestes sal meeding. Baie geluk!












# TENNIS

## Absolut Menlo-toernooi vier vyftien jaar

Die Absolut Menlo-tennistoernooi kondig vir die afgelope dekade die koms van die lente op Menlo-bodem aan en 2022 was geen uitsondering nie. Menlo se eie toernooi, wat vanjaar 15 jaar oud is, is oudergewoonte by Groenkloof se bane aangebied.

In die verbygang kon die toernooi by Groenkloof maklik met die aksie op Flushing Meadows verwar word: Talentvolle spelers met 'n arsenaal vol towerhoue het toeskouers na hulle asems laat snak terwyl tellings met skrefiesoë gevolg is.

Baie geluk aan Menlo se dogters wat die sewende plek behaal het en die seuns wat na 'n titaniese eindstryd eindelik in die tweede plek geëindig het.

Menlo se afrigters, mnre. Hendrik Coertzen en Conré Bergsma, verdien 'n veer in die hoed vir hulle insette. Baie geluk aan Menlo se voorslagspelers wat deurgaans puik spel opgedis het en die besoekers met Menlo-gasvryheid verwelkom het.

Me. Elné Coertzen en haar span verdien 'n pluimpie vir die reëlings met die toernooi. Die Insig sal nie verbaas wees as hierdie gedugte span gevra word om eersdaags met die beplanning van die Australiese Ope wat vroeg in 2023 plaasvind, te help nie.

#MenloSpanwerk #MenloSukses

# ALGEMEEN

## Menlo-bodem: *absolut* feesgereed

Die Menlofees skop oor slegs 'n paar uur af en die Menlo-bodem is absolut feesgereed.

Die skool sien daarna uit om die Menlo-familie en vriende van Menlo vir 'n heerlike dag van gesellige samesyn te verwelkom. Om te verhoed dat die feespret bederf word, word feesgangers aan basiese veiligheidsmaatreëls herinner.

# Maak asseblief seker dat u motor gesluit is.

# Moet asseblief nie waardevolle items in u motor bêre nie.

# Rapporteer ongerymdhede aan sekuriteit.

# Onthou asseblief om u toegangsbandjie te dra.

**Sien u by die fees!**




Clivia Fair
Presented by Northern Clivia Club
Join us at Safari Garden Centre to show off the exquiste flowers from the world's largest clivia club!
3 & 4 September 2022
Clivia Show & Sales
Entrance R20 p.p.
9am to 5pm Saturday
9am to 3pm Sunday
Northern Clivia Club
Noordelike
Safari
Alida van Rooyen
082 894 6238


TUKS Gymnastics is Expanding
Pretoria East Gymnastics Academy
OPEN DAY & REGISTRATION
24 SEP 2022
10H00 - 14H00
ALL LEVELS AGES 4 +
CLASSES START 11 OCT 2022
QUALITY COACHING
URSULA BOTHA
INTERNATIONAL EXPERIENCE
Contact us for enrolment
Cnr Lynnwood Rd & Cura Ave, Equestria, 0184, Pretoria, South Africa
+27 62 758 6634 WWW.LOUISFOURIEGYMNASTICS.CO.ZA URSULA.PEGA@OUTLOOK.COM


369@ QUEENS
NEW 2 BEDROOM APARTMENTS
LYNNWOOD - SECURE COMPLEX
Close to the University of Pretoria - Opposite PHSOB Sports Club
SHOW DAY
SATURDAYS 9AM - 12 NOON
SALES from R997 500
RENTAL from R8 500p/m
PRiMO PROPERTIES
Sherry
083 227 3326
sherry@primoprop.co.za


SHERRY BROWN
DIRECTOR | BROKING | MARKETING
PRiMO PROPERTIES
083 227 3326
(012) 362 8765
2ND FLOOR, CNR FEHRSEN & VEALE STREET, BROOKLYN, PRETORIA, 0181
COMMERCIAL / RESIDENTIAL SALES & LETTING
PROPERTY MANAGEMENT
COMMUNITY SCHEME ADMINISTRATION




















## Versorger vir bejaardes

Verplegingskwalifikasie / Eerlik / Saggeaard / Betroubaar / Ervare / Bestuurslisensie
Op soek na enige beskikbare posisie as versorger (privaat, inwonend, nie-inwonend, of by aftreeoord).
Skakel 082 820 1945 vir 'n verwysing.


Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
KRIEKET AKADEMIE
BIED AAN:
MAD HATTER
ROLBALDAG
Vrydag, 30 September 2022
vanaf 09:00
WINGATE COUNTRY CLUB
R350 pp
Voltooi e-vorm om in te skryf!
Kontakpersone:
Ethan Gouws: 082 922 9232
Sharise Jv Rensburg:
082 348 3060
In this Style 10/6


10 JAAR
Voltooi 'n gehalte kwalifikasie
IN AFRIKAANS
VOLTYDSE STUDIE
OP
CENTURION-KAMPUS
met aktiewe studentelewe
NAURSE STUDIE
BY STUDIESENTRUM OF
VIA E-LEER
ideaal vir persone wat wil werk en studeer
Jou loopbaanreis begin hier!
STUDIEAANSOEKE VIR 2023 IS REEDS OOP
Kontak jou Gauteng-studentewerwer
Jeanmarie van Niekerk || 0861 222 888 || Jeanmarie@akademia.ac.za
www.akademia.ac.za
AKADEMIA


KRIEKET AKADEMIE
GHOLFDAG
BESPREEK NOU JOU 4-BAL!
Sluitingsdatum vir bespreking en betaling:
Vrydag, 9 September 2022.
Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien
PRYSE EN PRET!
• Langste dryf
• Lootjies en gelukkige trekkings
• Naaste aan pen
• Veiling
30 SEPTEMBER 2022
WINGATE COUNTRY CLUB
REGISTRASIE VANAF 10:30
11:30 "SHOTGUN START"
Prysuitdelingsfunksie en veiling sal na afloop van die gholf plaasvind.
Tref self reëlings vir gholfkarretjies/joggies direk met Pro Shop.
Kontak Ethan Gouws: 082 922 9232


For all your buying
and selling needs
contact me
Bertie Lombard
083 501 5511
Rawson Properties Faerie Glen
012 991 0439
www.rawson.com
RAWSON
Properties
YOUR NEIGHBOURHOOD EXPERTS